PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

JEUGMENTOR:
Louis Aucamp
☎ 074 150 2022

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Rom 12:2

Polsslag

12 November 2017

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

***Skrifgedeelte**: 1 Timoteus 6:3-15*
***Fokusverse**: 1 Timoteus 6: 11-12*
***Tema:** Waarna streef jy?*

KERSSANGDIENS 17:00

***Tema:** Geskenke meer werd as goud.*

Kom word opnuut weer herinner aan die hemelse gawes wat Christus vir ons in hierdie wêreld gebring het.

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS.
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

ORRELISTE VANDAG	
Oggenddiens	Tarina van der Merwe

DIENSBEURTE		
DAG	**TEESKINK**	**OUDERLING**
Vandag	Wyk E25A olv Johan Pretorius	Hettie Viljoen
19 Nov	Wyk E26A olv Anro va Zyl	Ronel Ritchie

BEROEP ONTVANG:
Ds CJ Nagel (jr) (Innes) van Louis Trichardt na Pretoria-Magalieskruin.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

MEELEWING:

- Ons innige meelewing gaan uit na Ockert Annandale en familie met die afsterwe van sy suster die afgelope week.

DANKBAARHEID:

- Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir die swangerskap van Adri Coetzee. Na 'n baie lang tydperk het die Here aan hulle 'n lewetjie geskenk. Ons bid vir haar en Morné 'n gesonde voortgesette swangerskap toe.
- Klein Luke van Wesley en Carla Walsh was van geboorte af baie siek en in twee hospitale se intensiewe eenhede. Hy is laasweek ontslaan en sterk tuis aan. Ons dank die Here saam met hul hele familie vir die mooi vordering.

GELUKWENSING:

Ons beleef die vreugde vanmôre om weer te sien hoe God se genade werk in die harte van mense wanneer hulle belydenis van hul geloof doen, en gedoop word -

- **Belydenis klas katkisante:**
  Duncan Ritchie en Simoné Potgieter
- **Volwasse katkisante** :
  Kurt Reichmann ; Nuschka Reichmann ; Franco Reichmann; Leanne van der Merwe ; Antonie Potgieter; Tanya Potgieter Johan Gouws en Zirk Joubert.
- **Die volgende ontvang die volwasse gedoop:**
  Nuschka Reichmann; Franco Reichmann; Antonie Potgieter; Johan Gouws en Zirk Joubert
- **Die volgende kinders word gedoop:**
  Xavier van Aswegen; Anthony Potgieter en Amoré van der Merwe

Baie geluk aan elk van die bogenoemde.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	LOKAAL	KONTAKPERSOON
Vandag	08:00 09:00 Na oggenddiens 16:00 17:00	Gebedsgroep Peutersorg Katkisasie gr 1-7 Wyk D17 Wyksbyeenkoms Kerssangdiens	Ou moederskamer Kerkhuis Onderskeie lokale Jeuglokaal kerkgebou	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder
Maandag	09:30	Bybelstudie	Rynpark 5	Adrie Goede
Woensdag	09:30	Palms afsluitingsfunksie	Kerkgebou	Corrie Venter
Vrydag	09:00	Bybelstudie met Braam	Konsistorie	Braam Krüger

DATUMS OM TE ONTHOU

19 Nov	Nagmaal & nagmaalsete @ 11:30
26 Nov	Muntlegging na oggenddiens
26 Nov	Songs of Praise @ 15:00

PALMS AFSLUITINGSFUNKSIE

Alle lidmate en belangstellendes word vriendelik uitgenooi!

Datum: DV **15 November.**
Tyd : 9:30 vir 10:00.
Koste : R 50 pp Sluit ete in.
Gelde kan asb inbetaal word by Adrie Goede.

Vul asb u naam op die lys in die voorportaal in.
Gaskunstenaar: Mev Anserie Badenhorst. Sy was een van die gaste op die televisieprogram: SKOONMA SE TONG. Sy is ook bekend by die ATKV en verskeie kunswedstryde, as beoordeelaar.
Byvoorbaat dankie aan die susters , wat die ete vir ons hanteer.
Kom kuier , lag en geniet die oggend saam met ons.

Alle navrae: Corrie Venter of enige bestuurslid.

LEË ROOMYS – EN MARGARIEN BAKKE

Belvedere skool het 'n voedingskema wat aan behoeftige gesinne sop huis toe stuur saam met die kinders. Hulle benodig leë roomys– en margarine bakkies om die kos in te skep. Die bakke kan in die boks wat gemerk is "plastiek bakke" in die by die kombuis geplaas word vir hierdie doel.
Daar is ook behoefte aan skoolskoene, grys skoolbroeke en wit hemde wat kinders ontgroei het.

Lynette Wigget ☎ 084 350 7764

NAGMAALSETE 19 NOVEMBER 2017 @ 11:30

Alle lidmate word van harte uitgenooi na die gemeentelike nagmaalsete wat na die oggenddiens in die saal aangebied word.
Op die spyskaart is macaroni en kaas gereg, slaaie en 'n broodrolletjie. Daar sal sjokolade poeding met roomys as nagereg wees.
Bring asb eie eetgerei, stoele (as jy wil) sonsambreel en drinkgoed en kom geniet hierdie koinonia geleentheid saam met ons.

Daar is 'n vrywillige minimum donasie van R20 per persoon om te poog om die uitgawes te delg.
Donasies kan op die dag, of vooraf by Ina Bolt of Donsie Kruger inbetaal word.
Navrae: Donsie Kruger 084 627 2393 of
Ina Bolt 084 339 1136

KATKISASIE AFSLUITING

Katkisasie afsluiting vind plaas 24 Nov 2017 in die vorm van "Kom Kamp"
Adress: 24 Boden str, Benoni Smallfarms
Slaan tent op vanaf 16h00
Bring 'n pakkie chips of koeldrank, eie tent en slaapgoed Vertrek Saterdag oggend om 07h30
Hoërskool kinders kan deurnag LAN vanaf 23h00
Rsvp by Adri 082 818 6063 voor 22 Nov

Adri van Tonder
Lahani Lodge
082 818 6063

VERJAARSDAE 12 –18 November

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Sondag 12/11	Rina van den Berg *	082 977 7638
Maandag 13/11	Piet Bateman Naomi Diedericks Hans van Rooyen	079 873 4029 083 610 2446 082 855 8117
Dinsdag 14/11	Gerrie van Jaarsveld	082 970 0684
Woensdag 15/11	Truia van der Merwe	076 576 0359
Donderdag 16/11	Reechie Willemse #	
Vrydag 17/11	Connie Coetzer Christo Harmse #	082 374 2031
Saterdag 18/11	Hennie Coetzer Sannie van den Berg ** Hettie Viljoen *	083 635 5583 083 628 9508

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

KLANK EN PROJEKTOR:

Die klank en projektor vorm 'n integrale deel van die erediens – daarsonder kan die erediens nie voortgaan nie. Daarom is die persone wat die stasie beman net so belangrik.
Ons doen weer asb, 'n **DRINGENDE** beroep op enige persoon/e(manlik, vroulik, Gr 7-12, jongmense of ander) wat belangstel om betrokke te raak om asb. na vore te kom.
Ons het regtig dringend nog mense nodig.
Die nodige opleiding word verskaf en ondersteuning is altyd beskikbaar.

Kontak Tarina van der Merwe by
083 785 5345

KOLLEKTES van 29 Okt en 5 Nov

29 Okt - Diens van barmhartigheid : R 6804
Pro ecclesia Beursfonds : R 2494
Jeugfonds : R 190
5 Nov - Diens van barmhartigheid : R 6078
Geopende deure (Bybels in Vietnam): R 914

Vandag: Onder die diens: Diens van Barmhartigheid
By die deure: GTV

Volgende week: Streek Sinode

SONGS OF PRAISE 2017
SYMPHONY OF LIGHT
GEREFORMEERDE KERK BENONI
SONDAG 26 NOVEMBER 2017 @ 15:00

Cantare Jubiloso koor gaan ons weer bekoor onder die bekwme leiding van wel bekende dirigent Richard Cock en gaskunstenaars Nicolas Nicolaidis(tenoor) & Douwe Bijkersma (baritoon).
Bespreek jou kaartjies nou om teleurstelling te voorkom.
Kaartjies vanaf R130 tot R220.
Kaartjieverkope sal in die konsistorie na die oggend-dienste tot 11:00 gedoen kan word.
Bring asb. jou bankkaart of kontant saam.
Sitplekke beperk, so bespreek jou kaartjies vroegtydig.
Kaartjies aanlyn beskikbaar op **Quicket** se webblad, of kliek op die skakel op die gkbenoni se webwerf.

Kaartjies kan Maandae en Donderdae tussen 9:00 en 13:00 by die kerkkantoor gekoop word, en ook Sondae oggende direk na die oggenddiens in die kerkkantoor.

Navrae : Ronel Ritchie 081 218 3048 of
Derik van Niekerk 081 475 4751

FRANKFORT RIVIERTOER 2017
29 NOVEMBER - 3 DESEMBER 2017

Die Riviertoer is deel van die GK Frankfort gemeente-inisiatief, in samewerking met die deputate jeugsorg vd GKSA, om met hulp van regoor die land, ons kerke-jeug te bedien.

- Waar: Plaas Zorgvliet – Tweeling distrik naby Frankfort
- Wanneer: 29 November tot 3 Desember 2017.
- Wie: Hoërskool leerders (Gr. 8-12)
- Koste: R770 per kind
- Hoe: Inskrywingsvorm beskikbaar deur die woord "Riviertoer" na polsslag@gkbenoni.co.za te stuur.
- Tema: Strome …

Algemene navrae: Sanette Struwig - 073 027 9181
sanette.struwig@gmail.com of
Jorinda Wessels 082 927 9807 of
Hanli Buys 072 200 1155

EERSTEJAARSKAMP 2018 STELLENBOSCH

Wanneer: 20 - 24 Januarie 2018
Waar: Kijk in de Pot kampterrein
Koste: R 790 p.p.
Kontak: ds. Johan 082 929 1773 of
Karel 071 318 0337
www.stellenbosch.co.za -
eerstejaarskamp@gkstellenbosch.co.za

GEREFORMEERDE EERSTEJAARSKAMP 2018

Tema: "'n Nuwe Lewe"
Waar: Nooitgedacht Kampterrein
Wanneer: 8 - 12 Januarie 2018
Koste: R950 per person

Kontak Jan Gerhard 083 653 4938 of
Elje van der Walt 076 630 7006

GOSPEL OPTREDE

Ds Hennie Roets van die Ebenaeser gemeente nooi ons na 'n gratis gospeloptrede by die Actonville kerkgebou.
Die sanger is Julius Magan
Wanneer: 24 November om 18:00
Waar: 1063 Mayet Rylaan, Actonville en Saterdagaand die 25e November om 18:00 by Mackkenziepark gemeente.
Skakel gerus vir Hennie by 071 362 7873.

GEDENKPLAAT

Ons gemeente het saam met die Eben Donges Voortrekkerkommando, 'n gedenkplaat onthul wat hulle op ons kerkterrein aangebring het.
Ons is dankbaar om die hervorming van 500 jaar gelede saam met hulle te gedenk. Gaan kyk gerus onder die bome in die tuin agter die hoofingang van ons kerkgebou.

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 5 November 2017 se antwoord: Openbaring 8:11
" Toe het die derde engel op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het van die hemel af geval. Hy het op 'n derde van die riviere en op die waterbronne geval, Die ster se naam is **bitterals** . 'n Derde van die water het bitter geword en baie mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was."
Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur
Jan Lubbe; Martie Gibson; Una Steyn; Chrissie Pretorius ; Evert Bolt; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelverse

" Hier volg die geskiedenis van Tera. Tera het die vader geword van Abram, **en ?????, en ?????** het die vader geword van Lot. "
Vraag: Wat was Lot se pa se naam?
Lees gerus Genesis en noem Lot se pa (Abram se broer) se naam en noem waar bostaande verse staan en SMS dit met jou naam en van na 082 873 3173.

IS U OP DATUM MET U DANKOFFER?

Vra gerus vir 'n debiet order vorm om die administrasie van dankoffers vir u en ons te vergemaklik.
Vorms is ook beskikbaar in die inligtingsvakkies in die voorportale by die hoofdeure van die kerk.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

Of Snapscan:

Barmhartigheid

Diens van

GTV

Debietordervorms is beskikbaar vir maandelikse dankoffers.